



Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak



Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084

Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: (015) 307 1308 (Santi Roos) Faks: (086) 5549798

E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

_____ 2009

Die Bestuurder
Mnr
Posbus
Tzaneen

Geagte Mnr.

IS: BJV SKIETBAAN OPGRADERING EN GROEPERING SKIETDAG 22 OKTOBER
2009

U ondersteuning in die verlede as vriend van Letaba Tak van die BJV gee ons die vrymoedigheid om u weer te nader vir die jaar se Groepering kompetisie wat op 14 November 2009 op Tzaneen plaasvind.

Die skietdag, wat vroeër ook as die Pro-Amm Skietdag bekend gestaan het, het van krag tot krag gegaan om die status as die grootste skietdag van sy soort in Suid Afrika te word. Vanweë ekonomiese oorwegings het Pro-Am onttrek en bied ons die dag reeds 3 jaar sonder hulle, baie suksesvol, aan.

Vanweë ons gemeenskap se bereidwilligheid was dit vir ons moontlik om op hierdie skietdag jaarliks ongeveer veertig pryse uit te deel met 'n groot eerste prys met waarde van ongeveer tien duisend rand. Hierdie skietdag, met 'n totale prysgeld waarde van meer as R40 000, bly een van die gewildste skietdae in Suid Afrika.

Ons het die afgelope jaar baie spandeer aan ons skietbaan om die dag nog beter te kan maak maar daar word nog baie verbeterings benodig.

Eerstens wil ons u graag nader om weer as borg vir die skietdag op te tree. Gebruiklik is dit kontant, pryse of beide. Indien die waarde van die pryse of borgskap meer as een duisend rand is, is daar die voordeel om u baniere of promosie materiaal uit te stal.

Voorsitter (Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391

Ondervoorsitter Admin (Hansie Botha) Tel: 083-290 0738

Sekretaris (Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599

Ondervoorsitter Opleiding (Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114

Tesourier (Rob du Plessis) : Tel: 082-856 6000

Sekretaresse : Santie Roos Tel: 015 307 1308

Daar is ook stalletjies beskikbaar indien u maandelik produkte wil uitstal

Tweedens wil ons, aangesien meeste persone en besighede uit die goedheid van hul harte donasies en pryse gee en nie altyd hul baniere opsit nie, graag geleentheid skep vir diegene wat ons altyd onbaatsugtig ondersteun, om hulself te adverteer op ons baan en by die klubhuis.

Ons het reeds die projek goedgekeur om 36 advertensie borde van 600mm x 400mm by ons 100m geweer skietpunt te plaas wat gekomplimenteer sal word met 'n 400x300 kopie by die klubhuis se hoofingang.

Die koste hiervan sal oor 'n drie jaar periode in kontrakvorm herhaal word. Alle advertensies is ewe groot en kos dieselfde. U advertensie vir jaar een sluit die vervaardigingskoste in en beloop R1200 en dan R 500 per jaar vir jaar twee en drie.

U kan die hele bedrag vooruit gee wat u afslag kan verseker en die drie jaar teen slegs R2000, vervaardigingskoste ingesluit, bekom.

Ons wil ons klubhuis ook graag opgradeer. Tans is die klubhuis beskikbaar vir klein funksies teen R400 per aand. Ons het ook 'n proxima wat addisioneel beskikbaar is teen R400. Ons sal graag die fasiliteit wil uitbrei om 'n privaat konferensielokaal beskikbaar te hê.

Die ten volle gelisensieerde kroeg is tot almal se beskikking en ons sal binnekort ook 'n ligte middagete kan aanbied.

Ten einde ons fasiliteite op te knap en uit te brei het ons u ondersteuning ook hier nodig. U kan 'n "steen" op ons muur koop en vir R1000 u naam verewig.

Ander projekte wat ons graag wil aanpak sluit in:

- Windbuksbaan oorbou R40 000
- Skietpunt opgradering R50 000
- Boogskiet onder dak skietpunt R60 000
- Handwapen skietbaan R140 000
- Praktiese boogskiet baan (7km) en 3D teikens R65 000
- Klubhuis konferensielokaal R 380 000

Die Letaba tak van BJV is 'n belangrike deel van ons gemeenskap wat nie net die jagters akkomodeer nie maar onder andere ook die vlogende:

- Die enigste ten volle SABS geakkrediteerde skietbaan van sy grootte in 'n 100km radius en dus die enigste baan waar opleiding gedoen mag word
- Praktiese skiet vir wapenbevoegdheidopleidingsinstansies

- SAPS en ander staatsinstellings se opknappingsoefeninge word daar gehou
- Selfverdedigings kursusse
- Handwapen sportskiet

Verder bied die jagtersvereniging ook die volgende aan:

- Groepering skietdae
- Kleiduifskiet
- Buskruit / voorlaaier skiet
- Boog jag
- Windbuks skiet
- Rondomtalie skietdae (Van windbuks skiet tot kleiduiw – alles in een)
- CHASA skietdae vir Toegewyde jagters status
- Wapen bevoegdheid opleiding deur gekwalifiseerde instruktors
- Baan offisiers opleiding
- Senior CHASA bekwaamheids opleiding
- Junior jagtersopleiding
- Instruktorsopleiding
- ensomeer

Dis alles vir die gemeenskap en ons is dankbaar dat ons dit nog kan bied deur u ondersteuning.

Geliewe die meegaande vorm te voltooi en terug te besorg voor of op 29 Julie 2009 deur dit te e-pos na letaba@bosveldjagters.co.za of te faks na 086 5549 798

U gunstige oorweging word hoog op prys gestel.

Dankie

BJV Letaba Bestuur

Hiermee onderneem ek,

_____ (naam en van), van

_____ (naam van besigheid)

om as volg betrokke te raak:

Jammer, ek sien nie my weg oop om op enige manier by te dra nie

of

Ek sien my weg oop om die volgende te ondersteun:

Projek	Beskrywing	Datum beskikbaar	Bedrag	Totaal
Advertensie borde	1200 asook jaar 2 en drie			
Advertensie borde	Eenmalig vir drie jaar			
100m Skietpunt opgradering				
Groepering skietdag 14/11/09	Pryse of kontant			
Windbuks baan				
Boogjag baan				
Handwapen baan				
Klubhuis konferensie sentrum				
R1000 gedenk steen				
Groot totaal				

Geliewe die vorm te voltooi en terug te besorg voor of op 29 Julie 2009 deur dit te e-pos na letaba@bosveldjagters.co.za of te faks na 086 5549 798.

Bank besonderhede: BJV Letaba ABSA Tzaneen (334349) Tjekrekening no:4045733173